**PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT**

**PRIVAATSAK X53**
**PRINS ALBERT**
**6930**

**DEPARTEMENT : INFRASTRUKTUURDIENSTE**

**VAKATURE**

**ASSISTENT WATER/RIOOL PROSES KONTROLEERDER/ALGEMENE WERKER KLAARSTROOM**

# KENNISGEWING 139/2019
# EKSTERNE KENNISGEWING

*Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as:*

**ASSISTENT WATER/RIOOL PROSES KONTROLEERDER/ALGEMENE WERKER KLAARSTROOM – 1 POS**

**VEREISTES:**

- Graad 12 (NQF 4) en
- NQF 3 Water /Riool Proses Kontroleerder kwalifikasie of bewese ondervinding
- Goeie gesondheid
- Besit van 'n bestuurderslisensie sal in u guns tel

**SALARIS**: **T3 VAN 'N GRAAD 1 MUNISIPALITEIT - R 97 639.32 PER JAAR ( R 8 136.61 PER MAAND)**
Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende byvoordele: Pensioen- en mediesefonds bydraes, behuisingsubsidie, ruim verlof- en siekverlof en 'n dertiende tjek na 12 maande diens.

**STATUS VAN POS: PERMANENT**

**PLIGTE**

1. Neem van lesings.
2. Nagaan en instandhouding van suiweringswerke en die rapportering van foute aan senior en relevante amptenare.
3. Voorrade beheer.
4. Verkryging of aankope van materiaal en chemikalieë,
5. Neem van watermonsters/rioolmonsters op verskeie punte en by werke en ook die uitvoer van verskillende ontledings.
6. Instandhouding van databasis.
7. Aan – en afskakeling van boorgatpompe.
8. Moniteer watervlakke van boorgate en reservoirs.
9. Moniteer in- en uitvloei sowel as vloei binne die sisteem.
10. Verantwoordelik vir beroepsveiligheid binne die terrein en werke..
11. Opstel en byhou van verslae,
12. Byvoeging van chemikalieë
13. Enige ander pligte wat aan u toevertrou word

**SLUITINGSDATUM: VRYDAG 30 AUGUSTUS 2019**

Verdere besonderhede kan verkry word by **ME. DEBBY MOONEYS** - Telefoon Nommer **(023) 5411036/014**, e-pos – **debbiem@pamun.gov.za.**

Aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm met gewaarmerke afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument moet gerig word aan **ME. DEBBY MOONEYS** Privaatsak X53, Prince Albert, 6930 voor of op **VRYDAG, 30 AUGUSTUS 2019**.

Die Munisipaliteit Prince Albert is 'n gelyke indiensnemingswerkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue applikante aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie.
Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

**Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**

| | | |
|---|---|---|
| **PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT**<br>**Privaatsak X53,**<br>**PRINCE ALBERT**<br>**6930**<br><br>**Tel. (023) 5411320 /023-5411 036**<br>**Faks. (023) 5411321** | | **ANNELEEN VORSTER**<br>**MUNISIPALE BESTUURDER**<br><br>**19 Augustus 2019** |